

24 Januarie

Numeri 13:26-33

(Teks: Josua 5:6)

Geloof is 'n magtige instrument

Glo dat Jesus Christus jou gered het en jy is verlos. Glo dat jy jouself moet red en so sal dit wees. Presies wat jy glo, kry jy!

Dit is nie geloof wat jou red nie maar geloof is die instrument waardeur God jou red. Sonder geloof is verlossing nie moontlik nie.

Numeri 13 en Josua 5 maak hierdie saak pragtig duidelik. Die twaalf verspieders kom terug van die beloofde land wat hulle gaan verken het. Hulle gee almal presies dieselfde verslag aangaande die land - dit is vrugbaar en sterk en daar woon reuse.

Josua en Kaleb glo dat hulle die land in besit kan neem want hulle sê: "*Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan dit doen.*" Die ander tien verspieders sê ook wat hulle glo: "*Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.*" Die tien ongelowiges beïnvloed die volk sodat die hele volk ook in ongeloof verval.

In Josua 5:6 lees ons dat die ongelowiges gekry het wat hulle geglo het naamlik dat hulle nie die beloofde land kan intrek nie. God laat hulle nie intrek nie maar veertig jaar lank moet hulle in die woestyn rondswerf. Gedurende die veertig jaar is al die ongelowiges dood. Josua en Kaleb het egter, net soos hulle geglo het, ingetrek in die beloofde land.

Wat glo jy van die beloofde land van die hiernamaals? Onthou – wat jy glo kry jy!

Sing Skrifberyming 27:5

Ds. T. Kruger (Newcastle)